Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2015

# AFRIKAANS HUISTAAL V3

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **2½ uur**

* A F R H L 3 *

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:

| | | | |
|---|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | | 50 punte |
| AFDELING B: | Langer Transaksionele Tekste | (25 x 2) | 50 punte |

   Jy word sterk aanbeveel om 80 minute aan AFDELING A en 70 minute aan AFDELING B te bestee.

2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A.

3. Beantwoord TWEE vrae uit AFDELING B.

4. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (bv. ŉ breinkaart/diagram/vloeidiagram/ kernwoorde, ens.), proeflees en redigeer. Die beplanning moet VOOR die finale produk gedoen word.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Jou beplanning moet netjies deurgehaal word, as jy jou finale weergawe oorgeskryf het.

7. Nommer elke skryfstuk korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Voorsien elke skryfstuk van ŉ gepaste titel/opskrif.

   **LET WEL**: Die titel/opskrif word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)

### VRAAG 1

Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400–450 woorde.

1.1 **Alles val uitmekaar.** **[50]**

**OF**

1.2 Ek voel my selfoon in my sak vibreer en ek weet dat uitstel verby is en ek nóú 'n antwoord sal moet gee. **[50]**

**OF**

1.3 **JY SAL PRESTEER!**

Het jongmense vandag die dryfkrag om bo uit te kom, of word hulle deur hul entoesiastiese ouers gedruk? **[50]**

**OF**

1.4 Eenvoud is die vreugde van die lewe.

Dit gee en neem wat daar is. [Koos du Plessis] **[50]**

**OF**

1.5 Dit het my lewe onuitwisbaar aangeraak. **[50]**

**OF**

1.6 1.6.1



[Bron: www.crystalgraphics.com] **[50]**

**OF**

1.6.2



[Bron: www.gettyimages.com] **[50]**

**OF**

1.6.3



[Bron: Internet] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

Kies TWEE van die volgende opdragte en skryf tekste van 180–200 woorde elk.

2.1 **KLAGTEBRIEF**

Jy is ʼn sportfanatikus wat ʼn nuwe energiedrankie in ʼn sporttydskrif bestel het. Nadat jy dit op die proef gestel het, was jy baie teleurgesteld aangesien die energiedrankie glad nie aan die verwagtinge voldoen het nie.

Skryf ʼn KLAGTEBRIEF aan die firma waarin jy jou ontevredenheid uitspreek. **[25]**

**OF**

2.2 **INFORMELE VERSLAG**

Jou skool het onlangs hul eie kunstefees op die skoolgronde gehou.

Skryf ʼn INFORMELE VERSLAG vir die skoolkoerant waarin jy oor die verloop van die kunstefees verslag lewer. **[25]**

**OF**

2.3 **AGENDA EN NOTULE**

Jy is sekretaresse van jou skool se kultuurkomitee wat ʼn kultuurdag beplan.

Skryf nou die AGENDA, sowel as ʼn NOTULE van hierdie vergadering. **[25]**

**OF**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Jy is gevra om tydens saalopening ʼn groep graad 7-leerders by ʼn laerskool toe te spreek, waarin jy hulle aanmoedig om graad 8 by jou hoërskool te begin.

Skryf die TOESPRAAK neer. **[25]**

**OF**

2.5 **DEKBRIEF EN CV**

Jy stel belang in die pos as vertaler wat in die onderstaande advertensie geadverteer word.

Skryf nou ʼn DEKBRIEF en ʼn CV vir die pos.

**Media 24** **Nuus**

**Taalsub/Vertaler**
**Son**
**Port Elizabeth**
**Permanent**

**Verantwoordelikhede**

* Redigeer en proeflees kopie, met genoegsame kennis om kopie op ʼn sinvolle wyse te sny.
* Korrigeer korrektheid van feite, spelling en grammatika.
* Skryf byskrifte, opskrifte en flapteks wat aanloklik sowel as taalkundig en feitelik korrek is.
* Vertaal kopie, en maak seker dat dit taalkundig en feitelik korrek is.
* Maak seker dat kopie die publikasie se spesifieke styl volg wat grammatika, taalgebruik en voorkeurspelwyse betref.
* Bly ingelig oor en implementeer die jongste taalreëls soos in die taalstylgids vervat.

**Vereistes vir die pos**

* Drie jaar toepaslike akademiese kwalifikasie
* Kode 8-rybewys
* Minstens drie jaar toepaslike ervaring en bewese taalvaardigheid
* Moet in staat wees om doeltreffend onder druk te funksioneer
* Moet uitstekend in spanverband kan werk
* ʼn Sterk sin vir akkuraatheid en korrektheid is onmisbaar. Daarby moet hy/sy bereid wees om ʼn vyfdag-werkweek wat strek van Maandag tot Vrydag en elke tweede Sondag, asook sekere vakansiedae, te werk.

Stuur u aansoek en CV na Me. A. Potgieter, Posbus 1800, Port Elizabeth, 6060. **[25]**

**OF**

2.6 **INFORMELE BRIEF AAN DIE PERS**

Deesdae verskyn daar al hoe meer berigte in koerante en tydskrifte oor mense wat hulle geliefdes se naam op hul liggame tatoeëer.

Reageer hierop in ʼn INFORMELE BRIEF aan die pers. **[25]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou